
Matla A Bokone Solar

Formerly known as Droogfontein 2 Solar (RF) (Pty) Ltd

FEBRUARIE 2021

# NUUSBRIEF





## MOBIELE GESONDHEIDSKLINIEK TOT **LEERLINGE VAN SOL PLAATJE SE VOORDEEL**

Meer as 4 000 leerlinge by elf skole in die Sol Plaatje-munisipaliteit sal uit Matla A Bokone Solar se gesondheidsprogram by skole baat.

Die program word in twee fases deur die stigting vir mobiele gesondheidsklinieke (Mobile Health Clinics Foundation) uitgerol. Die eerste fase is reeds in Desember 2020 voltooi en het op siftingstoetse vir die COVID-19-virussiekte, bewusmaking rondom higiëne en die afbreek van stigma gefokus. Altesaam vier skole is bygestaan, 57 273 siftingstoetse vir die COVID-19-virussiekte is gedoen en 1 200 leerlinge het praatjies oor gesondheidsopvoeding bygewoon.

Agt jong inwoners is opgelei en in diens geneem om met die program te help.


Die tweede fase sal in die eerste kwartaal van 2021 uitgerol word en sal op geïntigreerde toetsing by skole fokus. Leerlinge se sig en gehoor sal getoets word. Die tweede fase sal ook op mondhigiëne, voedingstatusassessering en ander inisiatiewe vir gesondheidsopvoeding fokus.



Temperatuurlesings word by die !Xunkhwesa Gekombineerde Skool geneem as deel van Matla A Bokone se gesondheidsprogram.

## GEBRUIK DIÉ SES STAPPE **OM JOU HANDE TE WAS**

*Die Departement van Gesondheid beveel aan dat hande vir 20 sekondes gewas word om sodoende die verspreiding van die koronavirus te vertraag.*




1. Gebruik seep
2. Vryf jou handpalms teen mekaar met vingers
3. Vryf die punte van die vingers
4. Vryf die gewrigte
5. Spoel jou hande onder die kraan af
6. Droog jou hande deeglik af

**BLY VEILIG**
#CoronaVirus

www.nicd.ac.za
www.health.gov.za

**Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:**
www.sacoronavirus.co.za

matlaabokonesolar.co.za | info@matlaabokonesolar.co.za | *Like* ons Facebook blad | **RenewEnergyCo**

## WAARDEVOLLE LEWENSVAARDIGHEDE **BY LEIERSKAMP GELEER**

Altesaam 50 leerlinge van 20 skole in die Kimberley-omgewing het 'n leierskamp vir die jeug bygewoon. Die kinders, tussen die ouderdomme van 14 en 16, het na die Soetwater-kamp naby Kommetjie in Kaapstad gereis, waar hulle aan verskeie aktiwiteite deelgeneem het. Die aktiwikteite is daarop gemik om die leerlinge se leierseienskappe te ontwikkel.

Buiten die vaardighede wat hulle aangeleer het was daar hope pret en vermaak. Vir baie van die leerlinge was dit die eerste keer wat hulle uit die Kimberley-omgewing gereis het. Sommige van hulle het vir die eerste keer in hul lewens die see gesien.



Die Soetwater-kamp by Kommetjie

## PAKKIES TOILETWARE VIR **HEARTS AND MINDS PROGRAM UITGEDEEL**



Leerlinge van Barkly West Hoërskool met die pakkies toiletware wat hulle ontvang het

Matla A Bokone het in samewerking met die Departement van Onderwys pakkies met toiletware aan matrikulante by skoolkampe uitgedeel. Altesaam 19 plaaslike skole en 800 leerlinge het uit hierdie inisiatief gebaat. Matla A Bokone se Hearts and Minds-program help jongmense om hul waardigheid te behou.

## ENTREPRENEURS LÊ HUL SAKEPLANNE **TER TAFEL**



Entrepreneurs berei vir die 'Pitch Deck' voor

Plaaslike entrepreneurs wat aan Matla A Bokone se ondernemingsontwikkelingsprogram deelneem het, het pas die eerste fase van die program suksesvol voltooi.

Dié gedeelte van die program, wat as 'Pitch Deck' bekend staan, het entrepreneurs in staat gestel om hul sakeplanne en idees aan 'n paneel van plaaslike sakelui voor te lê. Die suksesvolle entrepreneurs sal na die volgende fase van die program vorder waartydens hulle verdere ondersteuning en befondsing sal ontvang.


*"Ek is baie bevoorreg om aan hierdie program te kan deelneem en is verbind tot die suksesvolle voltooiing daarvan,"* ***sê Boikanyo Molema.***

## 2021 **GEMEENSKAPSVERGADERINGS**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op Matla A Bokone se aanlynplatforms deurgegee word. Weens die landwye staat van inperking sal geen vergaderings van aangesig tot aangesig kan plaasvind nie.

## BESTEDING AAN EKONOMIESE **ONTWIKKELINGSPROJEKTE**

- Ondernemingsontwikkeling
- Skool welstand
- *Hearts and Minds*
- Vaardigheidsontwikkeling




Matla A Bokone Solar PV Facility
Riverton, Kimberley, 8301

**Kantoorure:**
Maandag – Vrydag: 8h30 tot 17h00
*Onder die huidige inperkingsmaatreëls bly ons plaaslike kantoor gesluit en ons spanlede werk van hul huise af.*

**Skakelbeampte**
Lesego Mosiane
079 492 5710
lesego.mosiane@eimsafrica.com